

Is groeiende welvaart teenoor armoede 'n nul-som spel?

Is increasing wealth vis-à-vis poverty a zero-sum game?

JANNIE ROSSOUW

S A Reserwebank en Departement Ekonomie,
Universiteit van Pretoria
jannie.rossouw@resbank.co.za



JOHAN FOURIE

S A Reserwebank
johan.fourie@resbank.co.za



Jannie Rossouw

Johan Fourie

DR JANNIE ROSSOUW is 'n Adjunkhoofbestuurder van die SA Reserwebank en doseer deeltyds in die Departement Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria. Hy het 'n magistergraad in die ekonomiese en 'n MBA aan die Universiteit van Pretoria behaal, en het pas 'n PhD oor die onderwerp *Inflation in South Africa from 1921 to 2006: history, methodology and credibility* aan die Universiteit van KwaZulu-Natal voltooi. Sy navorsingsfokus was die ontwikkeling van 'n inflasiegeloofwaardigheidsbarometer (*inflation credibility barometer*). Hierdie graad is in April 2008 aan hom toegeken.

Hy is tans besig met verdere navorsing oor die toepassingsveld van inflasiegeloofwaardigheidsbarometers en doen ook (saam met sy kollega Johan Fourie) navorsing oor vordering met die vestiging van 'n monetêre unie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap. Hy het verskeie akademiese artikels in vakwetenskaplike tydskrifte gepubliseer en plaaslike en internasionale konferensies toegespreek.

JOHAN FOURIE is die Uitvoerende Assistent van die President van die SA Reserwebank. Hy het sy kwalifikasies in die staatsleer aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth (tans die NMMU) behaal.

Sy huidige navorsing handel oor die verband tussen die grondslag van 'n regstaat (*rule of law*) en armoedeeverligting. Saam met sy kollega Jannie Rossouw doen hy ook navorsing oor vordering met die vestiging van 'n streeksmonetêre unie in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en alternatiewe beleidsmodelle vir 'n te stigte sentrale bank vir die streek. Hy het verskeie plaaslike en internasionale konferensies toegespreek

DR JANNIE ROSSOUW is a Deputy General Manager of the SA Reserve Bank and lectures in a part-time capacity at the Economics Department of the University of Pretoria. He completed a master's degree in economics and an MBA at the University of Pretoria. He has just completed a PhD on *Inflation in South Africa from 1921 to 2006: history, methodology and credibility* at the University of KwaZulu-Natal. His research focus was the development of an inflation credibility barometer. This degree was conferred in April 2008.

He has published numerous academic papers on a broad variety of topics in accredited academic journals and addressed local and international conferences. His current research focus areas are the broader application of inflation credibility barometers and (jointly with his colleague Johan Fourie) progress towards the establishment of a monetary union in the Southern African Development Community (SADC).

JOHAN FOURIE is the Executive Assistant of the Governor of the SA Reserve Bank. He obtained his qualifications in political science at the former University of Port Elizabeth (currently the NMMU).

His current research interests cover the link between the rule of law and poverty eradication. In conjunction with his colleague Jannie Rossouw he is also busy with research on progress towards a monetary union in the Southern African Development Community (SADC) and the available policy choices for an envisaged SADC central bank. He has addressed local and international conferences on his research interests.

ABSTRACT

Is increasing wealth vis-à-vis poverty a zero-sum game?

This paper tests the following hypothesis: is increasing wealth vis-à-vis poverty a zero sum game? This hypothesis is tested on the basis of the statement that “the rich gets richer and the poor poorer”. This statement leaves the impression that increased wealth for an individual or group is only possible at the expense of another individual or group. Varying conclusions are reached when the hypothesis is tested in terms of economic growth, government conduct and the Barcelona Consensus.

Criticism is often levelled at a perceived unfair distribution between the rich and the poor, or an increase in wealth, or increasing wealth for individuals, hence creating an impression of increasing wealth at the expense of the poor. The basis for this assertion is that any benefits accruing from economic growth are not automatically distributed to the poor in the community, as their skills are often of such a nature that they cannot secure employment opportunities in the economic system. In reality economic growth and increased wealth do not necessarily result in an increase of poverty among the poor, implying that the hypothesis cannot be proven as if it were an economic law. Responsible actions by governments do not confirm the hypothesis, as responsible conduct by any government reduces poverty, even if the wealth of the rich increases. On the contrary, oppressive governments that do not recognise the principles of democracy, market forces, property rights or the rule of law often make a zero-sum game of growing wealth vis-à-vis poverty, hence confirming the hypothesis.

Historically improvements of the work-leisure balance have not only benefited the wealthy. The implementation of flexible labour market policies with concomitant changes to the number of hours that workers are expected to work, have changed this balance also for labour. Economic growth can therefore result in improvements in living conditions that are not immediately obvious; for example, increased leisure time or improvements in relative wealth, measured in terms of working hours required to purchase items used by an average household. Irrespective of their income levels, workers are able to enjoy an improved balance between work and leisure, thereby disproving the hypothesis.

The Barcelona Consensus confirms the conclusions on economic growth and forms of governments: the hypothesis has no merit within a framework of responsible political and social decisions, but is confirmed when governments act irresponsibly. The Consensus highlights international development problems, increased poverty and the problems associated with globalisation. The conclusion reached is that undemocratic governments and the absence of democratic principles serve as a hindrance to achieving a better world economic order. On the one hand the hypothesis is supported if the current pattern of globalisation and externalities such as global warming are taken into account. On the other hand the Consensus confirms that the hypothesis cannot be confirmed in a framework of responsible decision-making by governments.

The final analysis after testing the hypothesis leaves two distinctly divergent answers. In certain circumstances the hypothesis is confirmed and in others it is refuted. The challenge facing the world is to ensure that increased wealth benefits all, thereby ending any impression of a zero-sum game. With increased polarisation in the world, we might be the last generation with the privilege of having a choice about wealth accumulation and poverty eradication, and possibly thereby making a difference.

KEY CONCEPTS: democracy; orthodox and structural approaches to development; poverty; property rights; rule of law; wealth; work/leisure balance.

TREFWOORDE: armoede; beginsels van 'n regstaat; demokrasie; eiendomsreg; ortodokse en strukturele benaderings tot ontwikkeling; welvaart; werk/vryetydbalans.

OPSOMMING

Hierdie artikel toets die hipotese:

- Is groeiende welvaart teenoor armoede 'n nul-som spel?

Die hipotese staan teen die agtergrond van die stelling:

- Die rykse word ryker en die armes word armer.

Hierdie stelling laat die indruk dat groter of groeiende welvaart vir een individu of groep net moontlik is ten koste van ander individue of groepe.

In die praktyk is die noodwendige gevolg van ekonomiese groei en toenemende welvaart nie 'n toename in armoede nie. Regerings wat verantwoordelik optree, dra by tot 'n vermindering van armoede, selfs al neem die welvaart van rykse toe. Onderdrukkende regerings maak egter van groeiende welvaart 'n nul-som spel.

Die slotsom nadat die hipotese getoets is, laat twee met mekaar botsende antwoorde. Onder sekere omstandighede word die hipotese bevestig, maar onder ander omstandighede word dit verworp. Die uitdaging wat die wêreld in die gesig staar, is om te verseker dat groeiende welvaart tot almal se voordeel is. Dit sal enige indruk van 'n nul-som spel beëindig. Die keuse lê by ons, en te midde van toenemende polarisasie in die wêreld is ons waarskynlik die laaste geslag wat nog die voorreg van 'n keuse het om 'n verskil te kan maak.

1. INLEIDING¹

Hierdie artikel toets die hipotese:

- Is groeiende welvaart teenoor armoede 'n nul-som spel?

Die hipotese staan teen die agtergrond van die stelling:

- Die rykse word ryker en die armes word armer.

Hierdie stelling laat die indruk dat groter welvaart vir een individu of groep net moontlik is ten koste van ander individue of groepe.

Die tweede afdeling van hierdie artikel gee 'n oorsig van alternatiewe denkskole oor ekonomiese groei. Afdeling drie toets die hipotese in die lig van ekonomiese groei. In die vierde afdeling word die hipotese teen regeringsoptrede getoets. In afdeling vyf word die hipotese teen 'n nuwe internasionale konsensus (*Barcelona Consensus*) getoets. Die gevolgtrekkings volg in afdeling ses.

2. ALTERNATIEWE WYSES OM EKONOMIESE GROEI TE BEWERKSTELLIG

'n Debat het mettertyd tussen verskillende denkskole oor ekonomiese groei en ontwikkeling tot voordeel van ontwikkelende lande ontstaan (sien byvoorbeeld McAleese 2004:5). 'n Literatuuroorsig toon die ortodokse (wat soms ook die liberale, tradisionele of monetaristiese skool genoem word) en die strukturele sienings² (sien byvoorbeeld Contreras 1999; Agénor en Montiel 1996:13; of Shahzad [S.a.]) as die belangrikste alternatiewe. Die debat tussen die verskillende denkskole

¹ Die menings in hierdie artikel weerspieël nie noodwendig die menings van die SA Reserwebank of van die Universiteit nie. Die artikel is gebaseer op 'n voordrag by die SA Akademie se simposium in 2007. Nuttige kommentaar van 'n keurder word met dank erken.

² Contreras (1999) identifiseer ook die groefase teorie en die neo-Marxistiese teorie as modelle wat voorheen ontwikkel is om armoede in ontwikkelende lande te bowe te kom. Moderne literatuur oor ekonomiese ontwikkelingsmodelle belig die tekortkomings van hierdie modelle (sien byvoorbeeld Contreras 1999; of Moloto 2005:34).

wentel om die vraag oor gepaste beleidsrigtings om armoede op die vinnigste wyse permanent te verlig. Bedford-Strohm beskryf hierdie uitdaging as “(a)fter the lifting of the *Iron curtain* between East and West, it is the great challenge of our time, now, to lift the *Golden curtain* which separates us in the North from the people in the South” (2006:14).

Die ortodokse siening beklemtoon ooreenkomste tussen die behoeftes van ontwikkelde en ontwikkelende lande. Die oplossing van groeiprobleme is te vinde in vrye plaaslike markte; vrye internasionale handel; streng beheer oor geldskepping en owerheidsuitgawes; en beperkte inmenging deur die owerheid in die ekonomie (Agénor en Montiel 1996:13; Shahzad [S.a.]). Die ortodokse siening is verwant aan “(c)lassical or neo-classical economics ... concerned primarily with the efficient and cost effective allocation of scarce resources and with the optimal growth of those resources over time” (Contreras, 1999).

In teenstelling hiermee beklemtoon die strukturele siening “... the mechanism by which underdeveloped economies transform their domestic economies from a traditional subsistence agricultural base into a modern economy” (Contreras 1999). Volgens die strukturele siening kan die markmeganisme nie die probleme van ontwikkelende lande te bowe kom nie, want:

(c)onventional fiscal, monetary and industrial policies ... have either completely failed or have been of limited success in combating poverty. Structural rigidities in the economy, political factors, and the inadequacy of the policies themselves have contributed to their failure to meet their objectives. (Odekon 2006:x)

Die ortodokse en strukturele sienings stem ooreen oor sekere redes vir die gebrek aan sukses met armoedebekamping, en belig halfhartige hervormings deur regerings; eksogene skokke soos droogtes; institusionele beperkings; groot skommelinge in die ruilvoet van arm lande; wisselkoerskommelinge; en probleme met onderwys en gesondheidsorg in ontwikkelende lande (sien byvoorbeeld Mlambo en Oshikoya 2001:43; of Sahn en Younger 2004:187).

Die literatuur beklemtoon ook dat politieke stabiliteit en institusionele kapasiteit om hulpbronne tussen spaarders en beleggers oor te dra, noodsaklik is (sien byvoorbeeld Mlambo en Oshikoya 2001:40-42; Page 2006:538; Prasad et al. 2003:58; of Servén 1998:24). Agénor en Montiel gee 'n gepaste opsomming van die ortodokse en strukturele debat met hul stelling dat “... macroeconomic reality in the developing world indeed combines features of both” (1996:15).

Suid-Afrika is in 'n unieke posisie tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande en toon sterk elemente van beide groepe lande. Sedert demokratiese verkiesings in 1994 het Suid-Afrika 'n kombinasie van beleidsrigtings gevvolg wat die land vierkantig binne die raamwerk van die ortodokse skool van ontwikkeling plaas. Tabel 1 toon dat Suid-Afrika sukses behaal het met die beperking van die begrottingstekort voor lenings, ekonomiese groei en die bekamping van inflasie. Hierdie beleid het egter nie tot laer werkloosheid gelei nie.

Sekere literatuurbronne doen alternatiewe oplossings vir Suid-Afrika se werkloosheidsprobleem aan die hand. Epstein (2002) en Michie (2006) beveel byvoorbeeld aan dat die SA Reserwebank 'n werkloosheidsteiken moet volg, wat ondersteun moet word deur laer rentekoerse, groter mededinging en prys- en loonbeheer om prysstygings te voorkom.

Die debat om armoede in alle lande te verlig, bly dus ook vir Suid-Afrika relevant. Die vraag is eenvoudig watter beleidsrigtings die goue gordyn tussen die ryk noordelike lande en die arm suidelike lande (Bedford-Strohm 2006:14) die vinnigste sal laat smelt (Rossouw 2007), en wel op so 'n wyse dat dit tot die uitwissing van armoede bydra. Pogings om ekonomiese groei in die algemeen aan te moedig, handel natuurlik nie direk met die hipotese oor welvaart en armoede wat hierdie artikel ondersoek nie.

TABEL 1: Ekonomiese prestasie in Suid-Afrika, 1994 tot 2005

| | 1994 (%) | 1998 (%) | 2002 (%) | 2005 (%) |
|---------------------------------|-----------------|-----------------|-----------------|-----------------|
| Begrotingstekort/BBP-verhouding | - 4,8 | - 3,3 | - 0,7 | - 0,5 |
| BBP groeikoers | 3,2 | 0,5 | 3,7 | 5,1 |
| Inflasiekoers | 9,0 | 6,9 | 9,2 | 4,7 |
| Werkloosheidskoers* | 20,0 | 25,2 | 29,7 | 26,5 |
| Werkloosheidskoers** | 31,5 | 37,5 | 40,9 | 40,5 |

* Nouer definisie

** Uitgebreide definisie

Bronne SA Reserve Bank *Website*; SA Institute of Race Relations 2006

3. EKONOMIESE GROEI EN WELVAART

Ekonomiese groei kan omskryf word as die jaarlikse koers van toename in die totale produksie of inkome in 'n ekonomie (Mohr en Fourie 2004:576, sien byvoorbeeld ook Samuelson en Nordhaus 2001:762). Ekonomiese groei wat die bevolkingsgroeikoers oortref, lei ook tot 'n toename in welvaart per hoof van die bevolking.³ Die implikasie is ooglopend: onder omstandighede van ekonomiese groei, word meer goedere en dienste geproduseer om in die behoeftes van die bevolking te voorsien.

Die kritiek is dat die toename in welvaart, en selfs 'n toename in welvaart per hoof van die bevolking, nie net ongelyk verdeel word nie, maar inderdaad ten koste van die armes plaasvind. Voordele uit ekonomiese groei versprei nie outomates na arme in die gemeenskap nie, dikwels omdat hulle vaardighede nie van so 'n aard is dat hulle werkgeleenthede in die ekonomiese stelsel kan kry nie. Hoewel die herskoling van werkloses met die oog op hul toekomstige indiensneming 'n belangrike oogmerk is, bly hul sosiale versorging totdat hulle werk kry, 'n groot uitdaging vir die regering.

Ekonomiese groei en toenemende welvaart lei nie noodwendig tot 'n toename in armoede onder arme nie. Ekonomiese groei kan dus armoede help verlig of neutraal teenoor die posisie van arme staan. Dit is egter nie 'n nul-som spel wat tot groeiende armoede lei nie. Maar dit is nie die volle verhaal nie, soos uit die volgende afdelings blyk.

4. ROL VAN REGERINGS TE MIDDE VAN ARMOEDE

Regerings help om armoede te verlig, of kan dit perpetueer. Armoedeverligting deur regerings moet verwelkom word, omdat dit 'n bydrae lewer tot die verbetering van die lewensomstandighede van

³ Toenames in welvaart is nie altyd ooglopend nie. Aan die een kant het die werkstyl wat nodig is om spesifieke items aan te koop, weens groeiende produktiwiteit afgeneem. Cox en Alm (1997:4) meld dat dit 'n gemiddelde Amerikaanse werker in 1919 dertig minute se arbeidstyd geneem het om genoeg te verdien om een pond (454g) beesvleis te koop, terwyl die arbeidstyd tot 6 minute teen 1997 afgeneem het. Marber (2003:25) meld dat 'n gemiddelde Amerikaanse werker in 1895 nagenoeg 260 uur moes werk om 'n fiets te koop, terwyl net 8 werkure teen 2003 nodig was om 'n fiets te koop. Aan die ander kant het werkers se vrye tyd ook toegeneem (sien byvoorbeeld Fogel 2000:185; of Marber 2003:147).

die inwoners van 'n land. Pogings van regerings om armoede tydelik deur 'n herverdeling van inkome te verlig, word natuurlik deur ekonomiese groei gesteun, omdat dit die belastingbasis vergroot en fondse vir heropleiding van inwoners beskikbaar stel.

As die belastingbasis groei, kan die owerheid meer inkomste invorder sonder om die belastingglas te verhoog. Toenames in belastinginkomste kan gebruik word om armoede tydelik te bekamp onder diegene wat nie werkgeleenthede in die ekonomie kan kry nie en sal dus eise vir restitusie beperk (sien byvoorbeeld Terreblanche 2004). Diegene wat na herskoling werk binne 'n groeiende ekonomie kry, se aanspraak op sosiale steun deur die regering word natuurlik ook beperk.

Ekonomiese groei het dus tot gevolg dat die regering armes wat nie daarin slaag om werk te kry nie, kan versorg sonder om 'n groter belastingglas op meer welvarende lede van die gemeenskap te plaas. Ekonomiese stelsels wat deur demokrasie ondersteun word, is een van die voorwaardes vir volgehoue ekonomiese groei, want dit waarborg onder meer privaat eiendomsreg en 'n regstaat (*rule of law*). Dit vorm ook die basis waarbinne 'n regering belastings invorder vir herverdeling aan die armes, eerder as aan diegene in magsposisies (sien byvoorbeeld Harford 2006:200; of Smith 2006:5).

Voorts kan regerings ook onder omstandighede van ekonomiese groei bestaande bestedingspatrone herprioritiseer. Om dit eenvoudig te stel: diegene wat tydens ekonomiese groei werk kry, het nie langer regeringshulp in die vorm van sosiale oordragbetalings nodig soos voorheen die geval was nie. Dit stel sosiale betalings vir heraanwending beskikbaar, byvoorbeeld vir die ontwikkeling van infrastruktuur. Enige vraag oor herprioritisering van bestedingsuitgawes of hertoedeling van sosiale besteding is egter die owerheid se verantwoordelikheid, want die owerheid doen in die finale instansie aan die kiesers verslag oor die besteding van belastinginkomste (Rossouw 2005:119).

Die ooglopende gevoltagekking is dus dat regeringsoptrede nie die hipotese bevestig nie. Maar dit is ongelukkig nie die volle verhaal nie, spesifiek omdat alle regerings nie verantwoordelik optree nie. Diktatorskappe en ander vorms van onverteerwoerdigende regering is 'n ernstige belemmering op ekonomiese ontwikkeling en die verligting van armoede (sien byvoorbeeld Hogendorp 1987:486-487; of Pei 1996). Sen, wenner van die Nobelprys vir Ekonomie in 1998 (Wikipedia [S.a.]), meld dat inwoners van arm lande politieke regte nodig het om hul ekonomiese belang te beskerm en uit te bou (Sen 1999:13; sien ook Elahi en Danopolous 2004:9 en 10).

Politieke leiers in lande waar regerings nie demokraties verantwoording aan hul kiesers doen nie, met militêre mag aan bewind gekom het, of nie onderhewig is aan sensuur deur die plaaslike bevolking nie, kry dikwels steun uit onverwagte oorde. Die bekendste voorbeeld is die Verenigde State van Amerika (VSA), wat dikwels militêre of ander ingryping buite sy grense tot sy eie ekonomiese en politieke voordeel gebruik (sien byvoorbeeld Friedman 1999; Grossman [S.a.]; Hayajneh 2004; of Keeler 2002), selfs al versterk dit die greep van ondemokratiese regerings op hul lande. Die volle waarheid is dus nie eenvoudig nie. In onderdrukkende politieke stelsels word armes dikwels armer omdat die welvarende regeringsklas en hul bondgenote ten koste van ander hulle welvaart verkry, wat inderdaad 'n nul-som spel is. Die implikasie is dus duidelik: die gevoltagekking oor die hipotese is afhanklik van die regeringsvorm.

5. BARCELONA KONSENSUS EN ARMOEDE

Op 24 en 25 September 2004 het 16 ekonome in Barcelona in Spanje vergader (Development Gateway [S.a.]) om internasionale ontwikkelingsprobleme, toenemende armoede en probleme met globalisering te bespreek. Globalisering lei tot vrye internasionale kapitaalbeweging, maar ondersteun nie marktoegang in ryk lande vir arbeid en produkte uit arm lande nie. 'n Verdere probleem van

globalisering is negatiewe eksternaliteit, wat beskryf kan word as “... the costs borne by someone other than the firm producing the good” (Mohr en Fourie 2004:228; sien ook Stiglitz 1997:508), soos byvoorbeeld met besoedeling die geval is (sien byvoorbeeld Samuelson en Nordhaus 2001:372). Ryk lande se produksie van eksternaliteit (byvoorbeeld lugbesoedeling) en gevvolglike bydrae tot aardverwarming is baie groter as dié van arm lande in totale en *per capita* terme, wat boere in arm lande kan benadeel. Die huidige patroon van globalisering met gepaardgaande eksternaliteit steun dus die hipotese.

Die samesprekings in Barcelona het uitgeloop op die *Barcelona Consensus* (Forum Barcelona 2004). Hierdie Konsensus stel onomwonde dat aspekte soos ondemokratiese regerings, die afwesigheid van 'n regstaat en eiendomsreg, of botsings tussen die belang van inwoners en die regering wat uitsluitlik tot voordeel van politieke of sektorale belang geskik word, die soek na 'n beter ekonomiese wêreldorde ernstig belemmer (Forum Barcelona 2004; sien byvoorbeeld ook Harford 2006:201; Parkin 2000:48; Rossouw 2007:268 en 269; of Stiglitz 1997:33). Die Barcelona Konsensus beveel onder meer aan dat ontwikkelende lande gesonde finansiële, monetêre en fiskale beleidsmaatreëls moet toepas en buitelandse skuld oordeelkundig moet bestuur⁴ (Forum Barcelona 2004). Terselfdertyd moet ontwikkelende lande egter ook die vryheid geniet om beleidsmaatreëls te oorweeg wat hul unieke omstandighede weerspieël, maar op só 'n wyse dat “... this freedom ... (should not be) ... used to disguise policies that merely transfer income to politically powerful groups” (Forum Barcelona 2004).

Die Barcelona Konsensus word ondersteun deur die siening dat “(m)ost likely the different conditions in each country call for different anti-poverty policy approaches” (Odekon 2006:x; sien ook Agénor en Montiel 1996), eerder as om die ortodokse óf strukturele oplossings vir armoedeverligting slaafs na te volg. Die Barcelona Konsensus bevestig dat die hipotese nie stand sal hou binne 'n raamwerk van verantwoordelike besluitneming deur regerings nie.

6. SLOTSOM

Hierdie artikel toets een hipotese: is groeiende welvaart teenoor armoede 'n nul-som spel? Die hipotese word terselfdertyd bevestig maar ook verworp, afhangende van die spesifieke agtergrond waarteen dit beoordeel word. In die mate waar toe ekonomiese groei direk deur indiensneming of indirek deur regeringsinisiatiewe tot die voordeel van alle inwoners van 'n land bydra, word die hipotese verworp. Maar ongelukkig is daar nie net een enkele gevolgtrekking nie.

Onderdrukkende regerings en ongeregverdigde internasionale inmenging deur groot moonthede soos die VSA bevestig die hipotese. Onder sulke omstandighede word groeiende welvaart van een groep huis 'n nul-som spel ten koste van armes.

Ons word dus met twee botsende antwoorde gelaat, met die Barcelona Konsensus wat 'n brug tussen hierdie twee uiteenlopende gevolgtrekkings slaan. Die finale gevolgtrekking is dus dat die hipotese nie noodwendig geld asof dit 'n ekonomiese wet is nie. Spesifieke omstandighede (wat dikwels binne die beheer van regerings is) bepaal die lot van armes teenoor rykese.

Die uitdaging wat die wêreld in die gesig staar is om te verseker dat groeiende welvaart tot almal se voordeel strek deur enige nul-som spel te beëindig waar dit wel voorkom. Dit is ons keuse om op te tree, en te midde van toenemende polarisasie wêrelwyd is ons waarskynlik die laaste geslag wat nog die voorreg van 'n keuse het.

⁴ In hierdie verband meld Kose et al. dat “... developing countries perhaps would need to implement sound macroeconomic and structural frameworks” (2003:138) ten einde die risiko's van internasionale finansiële integrasie te verminder.

BIBLIOGRAFIE

- Agénor, R.-P. & Montiel, P. J. 1996. *Development Macroeconomics*. 1st Edition. Princeton: Princeton University Press.
- Bedford-Strohm, H. 2006. *Public theology and the global economy. Ecumenical social thinking between fundamental criticism and reform*. Paper delivered at the David de Villiers Memorial Lecture at the Faculty of Theology, University of Pretoria. 28 August.
- Contreras, R. 1999. Competing Theories of Economic Development. In Carrasco, E. R. & Berg, K. R. (eds). *The E-Book on International Finance and Development*. [Online]. C:\Documents and Settings\p132209\Desktop\Competing Theories of Economic Development.htm [Accessed on 31 January 2007].
- Cox, W. M. & Alm, R. 1997. Time well spent: The declining real cost of living in America. *Annual Report of the Federal Reserve Bank of Dallas*. Federal Reserve Bank: Dallas.
- Elahi, K. & Danopoulos, C. P. 2004. Democracy, Capitalism and Development. *Journal of Security Sector Management*, 2(2), June.
- Epstein, G. 2002. *Employment-Oriented Central Bank Policy in an Integrated World Economy: A Reform Proposal for South Africa*. Working Paper No 39 of the Political Economy Research Institute of the University of Massachusetts. [Online]. <http://www.peri.umass.edu/Publication.236+M573c699e0e3.0.html> [Accessed on 22 August 2006].
- Fogel, R. W. 2000. *The fourth awakening and the future of egalitarianism*. Chicago: University of Chicago Press.
- Forum Barcelona. 2004. *The Barcelona Development Agenda*. [Online]. http://www.barcelona2004.org/eng/eventos/dialogos/docs/agenda_eng.pdf [Accessed on 5 May 2006].
- Friedman, T. 1999. A Manifesto for the Fast World. *New York Times Magazine*. 28 March.
- Grossman, Z. [S.a.]. *Let the bloody truth be told: a chronology of US imperialism - from Wounded Knee to Iraq*. [Online]. <http://www.neravt.com/left/invoke.htm> [Accessed on 10 August 0226].
- Harford, T. 2006. *The undercover economist*. UK: Little, Brown.
- Hayajneh, A. M. 2004. The U.S. strategy: Democracy and internal stability in the Arab World. *Alternatives: Turkish Journal of International Relations*, 3(2) & 3. Summer and Fall. [Online]. <http://www.alternativesjournal.net/volume3/number2/adnan.htm> [Accessed on 11 August 2006].
- Hogendorn, J. S. 1987. *Economic Development*. USA: Harper & Row, Inc.
- Keeler, B. 2002. *War in a time of ignorance*. 7 January. [Online]. <http://inthe fray.com/html/article.php?sid=5&mode=thread&order=0&thold=0> [Accessed on 10 August 2006].
- Kose, A. M., Prasad, E. S., & Terrones, E. 2003. Financial integration and macroeconomic volatility. *IMF Staff Papers*, 50. International Monetary Fund: Washington.
- Marber, P. 2003. *Money changes everything – how global prosperity is reshaping our needs, values and lifestyle*. New Jersey: FT Prentice Hall.
- McAleese, D. 2004. *Economics for business: Competition, macro-stability and globalisation*. 3rd edition. Essex: FT Prentice Hall.
- Michie, J. 2006. Macroeconomic reforms and employment: what possibilities for South Africa. In Padayachee, V. (ed). *The development decade? South Africa, 1994-2004*. Cape Town: HSRC.
- Mlambo, K. & Oshikoya, T. W. 2001. Macroeconomic factors in investment in Africa. *Journal of African Economics*, 10: Suppl 2. Centre for the Study of African Economies, Oxford University. September.
- Mohr, P. & Fourie, L. (eds). 2004. *Economics*. 3rd edition. Pretoria: Van Schaiks Publishers.
- Moloto, P. R. 2005. *Growth trends in the South African manufactured export industry*. Unpublished MA dissertation, University of Pretoria.
- Odekon, M. (ed). 2006. *Encyclopedia of World Poverty*. SAGE publications. [Online]. <http://www.sagepub.com/refbooksProdTOC.nav?prodId=Book226860> [Accessed on 31 January 2007].
- Page, J. 2006. Strategies for pro-poor growth: pro-poor, pro-growth or both? *Journal of African Economies*, 14(4). Centre for the Study of African Economies, Oxford University. December.
- Parkin, M. 2000. *Economics*. 5th edition. Addison-Wesley Publishing Company, Inc: Massachusetts.
- Pei, M. 1999. *Economic Institutions, Democracy, and Development*. World Bank Conference on Democracy, Market Economy, and Development. February. [Online]. <http://www.carnegieendowment.org/publications/index.cfm?fa=view&id=66> [Accessed on 5 May 2006].
- Prasad, E., Rogoff, K., Wei, S.-J., & Kose, M. A. 2003. *Effects of globalization on developing countries: Some empirical evidence*. Washington: International Monetary Fund.

- Rossouw, J. 2005. Kommentaarnota op professor Sampie Terreblanche se artikel: Armoede in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(1), Maart.
- Rossouw, J. 2007. 'n Kritiese beskouing van die Accra-verklaring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(2), Junie.
- SA Reserve Bank. *Website*. [Online]. <http://www.reservebank.co.za> [Accessed on various dates].
- SA Institute of Race Relations. 2006. *South Africa Survey, 2004/2005*. SA Institute of Race Relations: Johannesburg.
- Samuelson, P. A. & Nordhaus, W. D. 2001. *Economics*. 17th edition. New York: McGraw-Hill Irwin.
- Sahn, D. E. & Younger, S. D. 2004. Growth and poverty reduction in Sub-Saharan Africa: Macroeconomic adjustment and beyond. *Journal of African Economics*, 13: Suppl 1. Centre for the Study of African Economies, Oxford University. July.
- Sen, A. K. 1999. Democracy as a Universal Value. *Journal of Democracy*, 10.
- Smith, C. 2006. Yanks sê Castro sit op R 6,5 mjd terwyl burgers krepeer. *Beeld*. 19 Julie.
- Servén, L. 1998. Macroeconomic uncertainty and private investment in developing countries: An empirical investigation. *Policy Research Working Paper 2035*. Washington: The World Bank.
- Shahzad, A. [S.a.]. The North-South conflict. [Online]. <http://www.newagebd.com/2005/jun/13/oped.html> [Accessed on 31 January 2007].
- Stiglitz, J. E. 1997. *Economics*. New York: W.W. Norton and Company.
- Terreblanche, S. 2004. Armoede in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(2 & 3), Junie & September.
- Wikipedia. [S.a.]. *The free encyclopedia*. [Online]. http://en.wikipedia.org/wiki/Amartya_Sen [Accessed on 5 May 2006].